e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

14 Februarie 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 2

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Kerkwees in 2013 – 'n perspektief vanuit die Lutherse Kerk

In sy verklaring oor die derde artikel van die Apostoliese Geloofsbelydenis (*Ek glo in die Heilige Gees...*) skryf Martin Luther in die Klein Kategismus: *Ek glo dat ek nie met my eie verstand of in my eie krag in Jesus Christus, my Here, kan glo of na Hom toe kan gaan nie. Die Heilige Gees roep my deur die evangelie, verlig my met sy gawes, heilig en bewaar my in die ware geloof. Net so roep, vergader, verlig en heilig Hy die hele Christelike kerk op aarde. Hy bewaar alle gelowiges in Jesus Christus in die een ware geloof. In hierdie kerk vergewe Hy my en ander gelowiges daagliks alle sonde uit genade. By die wederkoms sal Hy my en almal wat reeds gesterf het, laat opstaan uit die dood en aan my en almal wat in Christus glo, die ewige lewe gee. Dit is beslis waar.*

Die Heilige Gees roep my deur die evangelie – daarmee begin alles, en daarom het die Hervormers van die kerk gepraat as 'n skepping van die Woord (*creatura verbi*). Die kerk ontstaan waar en wanneer die Woord verkondig word. *Die Woord* is duidelik beskryf as *die evangelie*, die boodskap, dat God die goddelose mens uit genade alleen, deur die geloof in Jesus Christus verlos, heilig en bewaar. Die geloof self is 'n gawe en werk van die Heilige Gees (Rom 10: 17), wat aan ons gegee of in ons bewerk word deur die *verkondiging van die Woord.*

Dit is 'n dinamiese proses wat met ons gebeur, en wat, terwyl ons hier op aarde lewe, nooit klaar is nie, daarom praat die Kategismus daarvan dat ons in hierdie geloof deur die Gees *geheilig en bewaar* moet word. Daarna staan daar iets wat ons deesdae graag wil vergeet: *In hierdie kerk vergewe Hy my en ander gelowiges daagliks alle sonde uit genade!* Dit is hoe die heiliging, die bewaring in die geloof gebeur, deur die *vergewing van sonde*, daagliks uit genade. As ons dus 'n beskrywing van die kerk wil waag, moet ons eintlik sê: Dit is 'n *versameling van sondaars wat daagliks die vergewing van hul sondes ontvang*.

Hoe sou die kerk vandag lyk, as ons ons sou toespits op hierdie dinamiese gebeure in ons Christelike gemeenskappe? Ek waag dit om 'n paar antwoorde te gee:

- Die Christelike gemeenskap (die kerk) sou die mees inklusiewe groep mense wees wat jy ooit kan vind. Twee mense was besig om oor die kerk te praat, en die een sê: *Nee wat, ek gaan nie meer kerk toe nie, daar is te veel huigelaars daar!* Met 'n traan in sy oog stem die ander saam, maar sê met 'n vrolike glimlag: *Maar daar is altyd plek vir nog een!*
- Die Christelike gemeenskap (die kerk) sou 'n klompie mense wees wat alle vrae met 'n oop gemoed verwelkom en bereid is om deeglik en gedurig na twyfelaars te luister. Ons weet mos, *gelowig wees* is 'n proses wat nooit hier op aarde klaar sal wees nie, en daarom kan ons op pad wees met almal wat soek, wat vra, wat nie weet nie!
- Die Christelike gemeenskap (die kerk) bestaan uit mense wat daagliks, waar hulle ook al is, uit die genadige vergewing van hul sondes lewe en dus nie skroom om met ander stukkende mense saam te lewe en te werk nie.
- Die Christelike gemeenskap (die kerk) is 'n groep mense wat, met kop omhoog, vrolik en sonder angs die wêreld kan instap, omdat hulle weet aan Wie hulle behoort. Deur die Doop is hulle onteenseglik tot kinders van God verklaar, en met die Nagmaal word hulle gereeld gevoed met die liggaam en bloed van die Here, sodat sy lewe in hulle is. Dit maak hulle vry om te doen wat hulle kan, om die wêreld as God se skepping te behoed en te bewaar, en daarbenewens, waar die geleentheid reg is, die boodskap van genade vir sondaars met ander te deel.

Dit is maar altyd gevaarlik om 'n ideaal vir die kerk te stel, omdat dit ons blind maak vir die werklike kerk waarvan ons lede is. Ons bly maar 'n klompie stukkende mense wat almal die genade van God in Christus nodig het, en terselfdertyd is die kerk ook die skepping van die Woord van God, 'n versameling van geroepe, geheiligde en bewaarde sondaars, wat aanhou smag na die evangelie. 'n Christen is 'n bedelaar wat vir die ander bedelaars sê waar daar vir hulle brood te vind is, en die kerk is daardie plek waar ons, wat almal bedelaars is, brood en wyn, genade en gemeenskap ontvang.



Pastor Felix Meylahn
Lutherse Gemeente (Friedenskirche)
Port Elizabeth

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhka.org**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Monja-Lize van Belkum

Beroep ontvang

- **Ds Monja-Lize van Belkum** (beroepafwagtend) na El-Flora (benoeming)

Ds Lorret de Leeuw

Prop Adriaan Benadie

Beroep aanvaar

- **Ds Lorret de Leeuw** van Port Elizabeth (deeltyds) na Hendrina (deelsorg)
- **Prop Adriaan Benadie** na Ottosdal

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na **produksie@nhk.co.za**.

- **Mev Dallie van der Merwe**, dr Lishje Els van Gemeente Brackenhurst se moeder (ds Gys Els se skoonmoeder), is Dinsdag 5 Februarie oorlede. Sy was 'n week lank in die Flora-kliniek voordat sy oorlede is. Ons innige simpatie gaan aan dr Els en haar familie.

Ds Tanya van Wyk

- **Ds Tanya van Wyk**, tydelike dosent aan die Fakulteit Teologie by UP, het twee weke gelede 'n operasie aan haar been ondergaan. 'n Kraakbeengroeisel net onder die knie van haar een been is weggehaal. Sy beweeg nog met krukke, maar sterk goed aan. Ons bid haar algehele herstel toe.

Dr Jaco Beyers

Ds Chantel Francis

- **Dr Jaco Beyers**, die Hervormde Kerk se dosent in Godsdiens- en Sendingwetenskap en deeltyds verbonde aan Gemeente Verwoerdburg, is van die begin van 2013 aangestel as hoof van die Departement Bybel- en Godsdienskunde aan die Universiteit van Pretoria. Baie geluk, dr Beyers, en sterkte met die ekstra verantwoordelikhede!

- **Ds Chantel Francis** het 'n beroep ontvang van die NG gemeente Pietersburg-Oos. Sy het die beroep aanvaar en word eerskomende Sondag, 17 Februarie, bevestig as medeleraar in die gemeente.

Dr Christo van der Merwe oorhandig 'n toekenning aan Arther Ngwezi

- Op Dinsdag 12 Februarie het die **amptelike opening** van **die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM)** in die Goddefroysaal by die Sinodale Kerkkantoor plaasgevind. **Dr Johannes Banda**, 'n vorige voorsitter van die Algemene Kommissie van die MRCC, het die Direkteursrede gelewer. Hy het 'n deeglik nagevorsde voordrag gelewer oor godsdienstige uitsendings op TV en die internet. Hy het gewys op die geleenthede wat hierdie uitsendings vir die uitbreiding van die evangelie bied, maar ook op die misbruik wat plaasvind. Hy het breedvoerig uitgewei oor die misleiding van 'lidmate' oor genesingswonders en die gee van offergawes. Hy het selfs so ver gegaan om van hierdie uitsendings in verband te bring met gestaltes van boosheid. Hy pleit dat predikante aan lidmate die nodige leiding sal gee om te onderskei tussen reg en verkeerd in hierdie verband. Mense, veral in die swart samelewing, moet beskerm word teen finansiële uitbuiting en valse verwagtings rakende welvaart en gesondheid.

  Akademiese pryse is aan twee vierdejaarstudente oorhandig. **Mnr Arther Ngwezi** het sy diploma met lof geslaag, en **mnr Philo Mpanza** met 'n gemiddeld van 70%. Daar is met dankbaarheid kennis geneem dat aldrie finalejaarstudente verlede jaar hul Honneursgrade met lof geslaag het – die eerste keer in die geskiedenis dat dít gebeur het!

- Die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** se **amptelike opening** vind plaas op **Woensdag 20 Februarie** vanaf 10:00 in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. Die erediens sal gelei word deur prof Piet Geyser, en die openingsrede deur dr Jaco Beyers oor die tema *Die roeping van die Kerk.* Vanaf 13:30 sal 'n tafelgesprek oor die tema plaasvind. Almal teenwoordig by die opening is welkom om deel te neem aan die tafelgesprek. Navrae oor en bevestiging van bywoning kan aan mev Betsie Brits gerig word, by 012 420 5393 of **Betsie.brits@up.ac.za**.

- Die Komitee vir die **SP Engelbrecht-museum** verneem graag van gemeentes of lidmate wat 'n **mobiele lugversorger of waaiers** kan skenk om die temperatuur in die Museum te help reguleer. Die uitstalruimte in die kerkgebou van Gemeente Pretoria voldoen nie aan klimaatbeheerstandaarde of beheermaatreëls om ultravioletbeskadiging te beperk nie. Kontak dr Christo Pretorius by 012 547 0292 / 083 651 9634 / **praetorc@telkomsa.net** indien u kan help.

- **Gemeente Wonderfontein** in Carletonville benodig dringend twee kwotasies vir hul versekering om die kerkgebou se dak te herstel. Daar is nie plaaslik vakmanne daarvoor beskikbaar nie. Kontak ds Nick Alberts by **nmalberts@telkomsa.net** of 083 783 8143, of Hettie Roos by **rooshettie@yahoo.com** of 082 713 4544.

- **Gemeente Benoryn** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Annette: **benoryn@telkomsa.net** / 011 849 1179; of ds Marlize Gasson: **dominee@vodamail.co.za** / 011 849 3266 / 072 117 0317.

- **Gemeente Wonderboom** beskik oor 'n vakature vir 'n orrelis. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of **wboom@nhk.co.za**.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin: Sondag 17 Februarie om 10:30**
  Nagmaal-erediens en aansitete
  Viering van gemeente se 30-jarige bestaan en kerkgebou se 24ste herdenking
  Ook dr André Ungerer se 25-jaar-ampsjubileum
  Prof Theuns Dreyer sal namens Kommissie van die AKV groete oordra
  (Dr Ungerer het voorheen gemeentes Wesmoot (1988) en Welgelegen-Pietersburg (1992) bedien, en is in Klerksdorp-Doringkruin sedert 2004)

- **Gemeente Ventersdorp: Sondag 17 Maart 09:00 vir 09:30**
  100-jaar-herdenking van inwyding van die kerkgebou
  Lidmate, oudlidmate, kinders en belangstellendes welkom
  Skakel ds Marius van Vuren by 018 264 2236
  of gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar met sanger Pieter Smit, Nagmaal
  en hoeksteenoprigting op fondasie van eerste sinksaaltjie
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen (prys later bekend)
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 22 Februarie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 14 Februarie: Prof Piet Venter (emeritus), di Larry van der Walt (Oos-Londen) en Eddie Vosloo (emeritus)

- Vrydag 15 Februarie: Di Maritza Botha (Coligny) en Johan Viljoen (Koornfontein)
- Sondag 17 Februarie: Prop Antionette Janse van Rensburg (beroepafwagtend) en ds Danie Struwig (Delmas)
- Maandag 18 Februarie: Ds Peet Esterhuizen (Wonderboom) en dr Piet van Staden (Stellenbosch/Worcester)
- Dinsdag 19 Februarie: Di Petri de Kock (Pierneef), Herman Gothan (Heilbron) en PM Smith (emeritus)
- Woensdag 20 Februarie: Ds Nic Maré (siekte-emeritaat)

Beplande vergaderings

- Vrydag 15 Februarie: Finkom van die Ondersteuningsraad
- Saterdag 16 Februarie: NHSV-hoofbestuur
- Dinsdag 19 Februarie: Kommunikasievergadering ADV
  Komitee vir Ouderlinge
- Donderdag 21 Februarie: Werkwinkel van die Ondersteuningsraad
  Bestuurskomitee van Bejaardesorg
- Vrydag 22 Februarie: Raad van Finansies

Beskikbare behuising

- **Philadelphia Studentegemeente: Huisvesting beskikbaar op kerkterrein**
  Stapafstand van kampus, met veilige parkering
  Skakel Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866
  of stuur 'n e-pos na **Philadelphia@nhk.co.za**

- **Kamerfasiliteit in Huis Riekie Boshoff, Brooklyn**
  Lieflike ruim kamer met gedeelde geriewe vir enkellopende dame
  Hierdie boomryke, rustige omgewing is naby winkelsentrum geleë
  Gereelde sosiale programme
  24-uur-sekuriteit
  Moet bo 55 jaar en nog selfversorgend wees om trappe te klim
  Koste vir kamer R1 800 per maand (sluit krag in)
  Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418

Konserte en feeste

- **Sondag 24 Februarie om 11:00: Gemeente Pretoria-Oos**
  Orrelkonsert met Colin Campbell
  Pragtige 3-manuaal-orrel word vanjaar 40 jaar oud
  Kom vier saam met die gemeente fees!

Plek: Kerkgebou, hv Dely- en Matroosbergweg, Waterkloof
Toegang: Gratis
Navrae aan Pieter van den Berg, 012 991 4930 of 079 497 2647

- **Vrydag 19 April om 19:00: Gemeente Ventersdorp**
  Griekse aand met Yoti die Griekse Boertjie
  Aansitete tydens die optrede
  Volwassenes R100 per persoon
  Laerskoolkinders en jonger R50 per persoon
  Kontak Ina van Vuren by 084 602 7300
  of die gemeentelike kerkkantoor by 018 264 2245

Kampe en toere

- **Gemeente Hartbeesfontein: Mannekamp**
  Vrydag 1 tot Sondag 3 Maart
  Tema: *God se Krag, jy in God se hand, tot sy beskikking*
  Paardeplaats-feesterrein
  Vanaf Hartbeesfontein, neem Lichtenburg-Coligny-pad vir 20 km
  Volg wegwysers na links
  R100 per persoon
  Navrae: Ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Vrouekamp 2013: 19 tot 21 April**
  Mopani Lodge, net buite Pretoria
  Sprekers ds Janine Bevolo-Manders en ds Marna Naudé
  R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)
  Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of **janapeenze@vodamail.co.za**
  of Stefanie Theron by 082 825 7944 of **stef1@absamail.co.za**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  2-18 Oktober 2013
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 16 Februarie: Gemeente Reitz: Padfietswedren**
  Tydens jaarlikse Reitz BielieMielieFees
  Tydplasing, tipiese Oos-Vrystaatse lang heuwels en skoon vars lug
  maak dit goeie inoefening vir die Cape Argus
  07:00: Tandem 80 km spring weg – R150 per inskrywing
  07:05: 80 km spring weg – R120 per inskrywing
  07:10: 40 km spring weg – R100 per inskrywing
  07:15: 20 km spring weg – R50 per inskrywing
  Ons is 'n klein gemeente en hierdie is ons *basaar* vir die jaar
  Reitz is net 2½ ure se ry vanaf Pretoria/Johannesburg
  Kontak Koos Myburg by 058 863 8402 / 082 700 9266 / **jgmyburg@gmail.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
  Dra by tot die gemeente se boufonds
  SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
  Fondse word gebruik om die geboue te herstel

Meer as een SMS is baie welkom
Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158

- **Gemeente Bergsig: Vrydag 15 Februarie 14:00 tot 20:00**
  Kunsuitstalling en Kaas-en-wyn-byeenkoms
  In die saal, onder leiding van die diakens
  Werk van plaaslike en gevorderde kunstenaars
  Kerksaal van gemeente, hv Leonide- & Karel Trichardt-straat, Mountain View
  R30 toegang, kinders onder 12 jaar R10
  Navrae aan Neeltjie by 076 428 8142 of Elmarie by 082 377 0747

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vrydag 1 Maart vanaf 19:00**
  Boeredans
  By AJ Jacobs Primêre Skool, Wepenerstraat, Sasolburg
  Lewendige boereorkes en DJ met musiek deur die dekades
  Bring eie eet- en drinkgoed
  R40 per persoon
  Bespreek by **nhksasolsuid@matrixnet.co.za**
  of by Elize 083 412 5802 of by Lisa-Mari 083 943 4561

- **Klap-'n-tekkie vir Van Rensburg Monumenttehuis: Saterdag 9 Maart**
  Fonteine, Pretoria
  Vanaf 07:00
  Kontak Elma by 082 954 7955

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000**
  Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Maart vanaf 08:00**
  Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies: Hartsgoedfees
  hv Vlei- en Dr Yusuf Dadoostraat, Wilkoppies
  Vrydag vroeg tot laat: Eetgoed vir elke smaak, tuisgebak, vars vleis, tombola, witolifant, vlooimark...
  Saterdag tot 13:00: Vroeë vonkelontbyt, rekspring, seepkiskonsert, hartsgoedfilms, vierwieltydren, veteraanmotors...
  Aand: Waenhuisdans op Bietjie-Bos
  Navrae: Gemeentelike kantoor 018 468 7008 / skriba 083 458 3190

ANDER NUUS

- **ORREL TE KOOP**
  Hammond-orrel model Vs 100, 40 amp met *swinger*
  R5 500
  Kontak Coba by 011 907 8922 / 082 857 6056 / **cobd@mweb.co.za**

- **VERSORGERS EN HUISMOEDERS BENODIG**
  Cluny Farm, sentrum vir volwassenes met intellektuele gestremdhede
  Niewinsgewende organisasie in Kyalami

Mans en dames tussen 18 en 35 kan aansoek doen
Geldige rybewys noodsaaklik
Stuur CV na **elise@emburst.co.za** of faks na 086 661 5467
Navrae aan Khumo of Ria by 011 702 1690
Besoek **www.clunyfarm.co.za**

- **SEMINAAR OOR ROUSMART**
  Saterdag 16 Februarie 09:00 tot 14:00
  Aangebied deur Sonja Smith Begrafnisgroep
  Sprekers: Ds Braam Klopper (rousmartspesialis – 3,5 ure intensiewe opleiding)
  Dr Madeleine Nolte (maatskaplike werker) en Johan Erasmus (sielkundige)
  Onderwerpe sluit in die routake, selfdood en die dood van 'n kind
  VPO-punte (minimum van 5) word toegeken
  (Voortgesette Professionele Ontwikkeling)
  By Doxa Deo Skool/Kollege, hv Atterburyweg en Olympusrylaan,
  Olympus, Pretoria
  Tee en verversings beskikbaar
  Bespreek aanlyn by **www.hanaevents.com**
  of per e-pos by **hanasolutions123@gmail.com**
  Tel 083 306 4489

- **GEREFORMEERDE KERK OOS-MOOT**
  450 jaar Heidelbergse Kategismus
  Donderdag 14 Maart 16:00 tot 22:00 (aandete en verversings)
  GK Oos-Moot, 31ste Laan 716, Villieria
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word
  Sprekers: dr Attie Bogaards; dr Victor E d'Assonville;
  prof Jorrie Jordaan; dr Gerard Meijer; ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Prof Dolf Britz
  Kontak **gkomkantoor@gmail.com**

- **BEELD-KINDERFONDS: VALENTYNSDANS EN DINEE**
  Vrydag 15 Februarie vanaf 19:30
  Union Caterers Utopia Place, Lynnwoodweg, Pretoria
  R440 per persoon, gaste aan tafels van 10-12
  R570 per persoon om by *celebrities* te sit
  Navrae en besprekings: Adrie van Staden, 011 976 2273 / 073 749 2697 /
  info@beeldkinderfonds.co.za

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan

eenvoudige grafika of ’n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as ’n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Inligtings- en Besprekingsvergadering

Die Inligtings- en Besprekingsvergadering het op 13 Februarie by Gemeente Kempton Park-Oos plaasgevind, en 135 afgevaardigdes van ringe regoor die land was teenwoordig.

Dr Daan van Wyk (jr) het die verrigtinge met ’n oordenking uit Markus 8: 34 – 9: 1 geopen. Dr Wim Dreyer het die stand van die Kerk in samehang met die NGK en die GKSA uiteengesit. Dooplidmate het in hierdie drie Kerke die afgelope twee dekades drasties afgeneem, en die norm van kerkwees sal voortaan anders daar uitsien deurdat kleiner gemeentes (100-200 lidmate) meer algemeen sal wees. Deeltydse bediening gaan meer algemeen word. Samewerkende bediening met ander Afrikaanse kerke sal ’n groter werklikheid word.

Daar is veral gefokus op wat dit beteken om kerk van Jesus Christus in die toekoms te wees. Daar is steeds baie hoop onder die afgevaardigdes, en die algemene gees was een van ondersteuning, bemoediging en versigtige optimisme.

(Lees ’n meer volledige berig oor die vergadering in *Die Hervormer* van Maart 2013, wat oor ’n week beskikbaar sal wees.)

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel